Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

# Gebruik en Lisensiëring van Handelsmerke van US



forward together
sonke siya phambili
saam vorentoe

Desember 2022

# Gebruik en Lisensiëring van Handelsmerke van US

| | |
|---|---|
| **Dokument Tipe:** | Beleid |
| **Doel:** | Om 'n beleid te formuleer om riglyne en oorsigbestuur te verskaf vir die gebruik en lisensiëring van handelsmerke van die Universiteit Stellenbosch |
| **Goedkeuring:** | Raad, Universiteit Stellenbosch |
| **Goedkeuringsdatum:** | 28 November 2022 |
| **Implementeringsdatum:** | 1 Januarie 2023 |
| **Hersieningsdatum / Hersieningsfrekwensie:** | 1 Januarie 2028 |
| **Vorige weergawes:** | Eerste beleidsdokument, inwerkingtreding Oktober 2016<br>Eerste beleidsdokument, hersien in 2021<br>Twee beleidsdokument, inwerkingtreding Januarie 2023 |
| **Eienaar:**[1] | Uitvoerende Bedryfshoof, Universiteit Stellenbosch |
| **Kurator:**[2] | Hoofdirekteur: Innovasie en Kommersialisering, tesame met Senior Direkteur: Korporatiewe Kommunikasie en Bemarking, Universiteit Stellenbosch |
| **Sleutelwoorde:** | handelsmerk, handelsnaam, intellektuele eiendom, lisensiëring |
| **Geldigheid:** | In geval van geskille ten opsigte van interpretasie, word die Engelse weergawe van hierdie beleid as die geldende weergawe aanvaar en die Afrikaanse weergawe as die vertaling daarvan. |

US Beleide is beskikbaar by www.sun.ac.za/policies

[1] Eienaar: Hoof(de) van Verantwoordelikheidsentrum waarbinne die beleid funksioneer
[2] Kurator: Administratiewe hoof van die afdeling verantwoordelik vir die implementering en Instandhouding van die beleid

# BELEID OOR DIE GEBRUIK EN LISENSIËRING VAN HANDELSMERKE VAN DIE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH

**Inhoudsopgawe**

**1. Inleiding ........ 4**

**2. Deurvoering van die Beleid ........ 1**

**3. Woordomskrywings ........ 2**

**4. Oogmerke van die Beleid ........ 4**

4.1. Fasilitering ........ 4

4.2. Regulering ........ 4

4.3. Handhawing ........ 5

**5. Beleidsbeginsels ........ 5**

**6. Beleidsbepalings ........ 5**

6.1. Die gebruik van handelsmerke vir niekommersiële doeleindes ........ 5

6.1.1. Toepassingsveld ........ 5

6.1.2. Goedkeuring van handelsmerkgebruik ........ 6

6.1.3. Wysigings aan handelsmerke ........ 6

6.1.4. Onderskrywing ........ 6

6.1.5. Gesamentlike gebruik van handelsmerke ........ 6

6.1.6. Diskriminerende, beperkende en verbode handelsmerkgebruik ........ 6

6.1.7. Die gebruik van handelsmerke in verband met goedere en dienste wat met alkoholiese drank en wyn verband hou ........ 7

6.1.8. Gebruik van handelsmerke in elektroniese handtekeninge ........ 8

6.2. Lisensiëring van handelsmerke vir kommersiële en niekommersiële doeleindes ........ 8

6.2.1. Toepassingsveld ........ 8

6.2.2. Goedkeuring van handelsmerklisensies ........ 8

6.2.3. Prosedure vir verkryging van 'n handelsmerklisensie ........ 8

6.2.4. Handelsmerklisensie-ooreenkoms ........ 8

6.2.5. Verantwoordelikheid teenoor die samelewing en omgewing ........ 9

**7. Beleidsbeheer ........ 9**

7.1. Rolle ........ 9

7.1.1. Uitvoerende Bedryfshoof – die eienaar van die Beleid ........ 9

7.1.2. Hoofdirekteur: Innovasie en Kommersialisering – die institusionele funksionaris (kurator) wat vir hierdie beleidsdokument verantwoordelik is tesame met die Senior Direkteur: Korporatiewe Kommunikasie en Bemarking ........ 9

7.1.3. Die Handelsmerkkantoor, gesetel in Innovus ........ 9

7.1.4. Matie Winkel ........ 10

7.1.5. Afdeling Korporatiewe Kommunikasie en Bemarking ........ 10

7.2. Optrede teen nienakoming ........ 10

Kopiereg © Universiteit Stellenbosch Alle regte voorbehou

**8. Hersiening** .......... 10
**9. Ondersteunende dokumente** .......... 11
**10. Verbandhoudende dokumente** .......... 11
**BYLAE A: PROSEDURE VIR VERKRYGING VAN ’N HANDELSMERKLISENSIE** .......... 12
**BYLAE B: STANDAARDAANSOEKVORM VIR ’N HANDELSMERKLISENSIE** .......... 13

Kopiereg © Universiteit Stellenbosch Alle regte voorbehou

| | |
|---|---|
| **Verwysingsnommer van hierdie dokument** | |
| **HEMIS-klassifikasie** | |
| **Oogmerk** | Om ’n beleid te formuleer om riglyne en oorsigbestuur te verskaf vir die gebruik en lisensiëring van handelsmerke van die Universiteit Stellenbosch |
| **Soort dokument** | Beleid |
| **Toeganklikheid** | Intern sowel as ekstern op die Universiteit Stellenbosch se sentrale stoorruimte vir beleidsdokumente, Beleid@US/Policy@SU |
| **Datum van inwerkingtreding** | 1 Januarie 2023 |
| **Hersieningsdatum** | 1 Januarie 2028 |
| **Beleidsgeskiedenis** | Eerste beleidsdokument, inwerkingtreding Oktober 2016<br>Eerste beleidsdokument, hersien in 2021<br>Tweede beleidsdokument, inwerkingtreding Januarie 2023 |
| **Eienaar van hierdie beleid** | Uitvoerende Bedryfshoof, Universiteit Stellenbosch |
| **Institusionele funksionaris (kurator) verantwoordelik vir hierdie beleid** | Hoofdirekteur: Innovasie en Kommersialisering, tesame met<br>Senior Direkteur: Korporatiewe Kommunikasie en Bemarking, Universiteit Stellenbosch |
| **Datum goedgekeur** | 28 November 2022 |
| **Goedgekeur deur** | Raad, Universiteit Stellenbosch |
| **Sleutelwoorde** | handelsmerk, handelsnaam, intellektuele eiendom, lisensiëring |

## 1. Inleiding

Die Universiteit Stellenbosch (hierna ‘die US’) is ’n toonaangewende navorsingsintensiewe universiteit in Suid-Afrika vir Afrika, wat uitnemende studente aantrek, talentvolle personeel in diens het en ’n omgewing van wêreldgehalte bied. Die US is ’n instelling met wêreldwye reikwydte wat gemeenskappe plaaslik, op die vasteland en globaal verryk en transformeer. Die US heg groot waarde aan die rol van die Universiteit se handelsmerke – ’n vorm van intellektuele eiendom en institusionele ontasbare bates – in die handhawing en vestiging van die instelling se onberispelike reputasie.

Kopiereg © Universiteit Stellenbosch Alle regte voorbehou

Die funksie van die US se handelsmerke is om die oorsprong van goedere of dienste te identifiseer en om daardie dienste en goedere van ander te onderskei. Handelsmerke dien ook om ’n konsekwente standaard en waarborg van gehalte te kommunikeer, en om die bemarking en reklame van goedere en dienste te bevorder. Die US se handelsmerke simboliseer ook die instelling se investering in die skepping en instandhouding van hierdie bates.

Die US se handelsmerke sluit onder meer die volgende in: die woorde *Universiteit Stellenbosch / Stellenbosch University / iYunivesithi yase Stellenbosch*, *Forward together / Sonke siya phambili / Saam vorentoe*, NEELSIE en COETZENBURG; asook die US-handelsname wat in die Universiteit se Handelsmerkhandleiding opgeneem is.

Hierdie Beleid is opgestel om die gebruik en lisensiëring van US-handelsmerke vir kommersiële en niekommersiële doeleindes te fasiliteer, te reguleer en te handhaaf.

## 2. Deurvoering van die Beleid

Paragraaf 1.26 en 2.5 van die Beleid oor die Beskerming en Kommersialisering van Intellektuele Eiendom van die Universiteit Stellenbosch verklaar dat die gebruik en lisensiëring van die US se handelsmerke in hierdie Beleid (oor die lisensiëring en gebruik van US-handelsmerke) bereël sal word.

Ingevolge artikel 6 en 7 van die Wet op Intellektuele Eiendomsregte uit Openbaar Gefinansierde Navorsing en Ontwikkeling 51 van 2008 word van tersiêre instellings vereis om ’n kantoor vir tegnologie-oordrag te vestig met die opdrag om intellektuele eiendom te identifiseer, te beskerm en te kommersialiseer.

Ingevolge paragraaf 1.1 van die Beleid oor die Beskerming en Kommersialisering van Intellektuele Eiendom van die Universiteit Stellenbosch en ’n institusionele eksklusiewe mandaat met daardie strekking bestuur Innovus die US se portefeulje vir intellektuele eiendom en handelsmerke. Ingevolge hierdie mandaat moet die Handelsmerkkantoor, wat by Innovus gesetel is, handelsmerke identifiseer, beskerm, bestuur en kommersialiseer en hierdie Beleid deurvoer. Vir kommersiële doeleindes en ter voldoening aan die Handelsmerkkantoor se gevolmagtigde verantwoordelikheid mag die Kantoor goedkeuring verleen vir alle gebruik van handelsmerke en alle variasies in die toepassing daarvan wat op een lyn met die bepalings van hierdie Beleid is.

Die beleidsbepalings in hierdie dokument moet saamgelees word met die US Handelsmerkhandleiding, wat die US se handelsidentiteit asook die visuele elemente en die toepassing daarvan omvat. Die US se Afdeling Korporatiewe Kommunikasie en Bemarking (KKB) is daarvoor verantwoordelik dat die Handelsmerkhandleiding deurgevoer en die US se handelsidentiteit

Kopiereg © Universiteit Stellenbosch Alle regte voorbehou

korrek toegepas word. Gevolglik sal die KKB bystand verleen met die deurvoering van hierdie Beleid, veral wat die visuele elemente van US-handelsmerke en die gebruik van kunswerk daarby betref.

Hierdie Beleid is van toepassing op alle personeel, studente, nadoktorale genote, kontrakwerkers, en besoekende dosente en konsultante, sowel as fakulteite, departemente, eenhede, institute, sentrums, buro's, skole, organisasies, die US-maatskappyegroep en belangstellende individue, hetsy intern of ekstern.

Die Beleid is van toepassing op alle handelsmerke soos in die US se handelsmerkportefeulje omskryf, hetsy geregistreerd of ongeregistreerd, en sluit handelsmerke in wat in die handelsmerkargitektuur in die Handelsmerkhandleiding opgeneem is. Die US is die eienaar van alle regte en belange in hierdie handelsmerke en het die eksklusiewe reg om hierdie handelsmerke aan enige persoon of entiteit oor te dra, toe te wys of te lisensieer. Die US behou alle regte rakende alle handelsmerke voor, in alle opsigte en in die volste bedoeling van die reg.

**3. Woordomskrywings**

| | |
|---|---|
| handelsnaam | Die kernbeeld en inherente gehalte van alle goedere of dienste wat onder die vaandel van die handelsmerke aangebied word. |
| Handelsmerkhandleiding | Die reëls in hierdie handleiding verskaf 'n kort bekendstelling aan die US se handelsidentiteit, die goedgekeurde visuele elemente, bykomende gebruiksriglyne en skakels na sleutelhulpbrontemplate. |
| Afdeling Korporatiewe Kommunikasie en Bemarking (KKB) | Die afdeling met die funksie om die US-handelsnaam gunstig te posisioneer, doeltreffende kommunikasieprogramme deur te voer en betrekkinge met belanghebbendes optimaal te bestuur. Die Departement Handelsmerk- en Korporatiewe Identiteit, wat in die KKB gesetel is, fokus op die bestuur van handelsidentiteit, wat die toepassing van die Handelsmerkhandleiding insluit. |
| Innovus | Artikel 6 en 7 van die Wet op Intellektuele Eiendomsregte uit Openbaar Gefinansierde Navorsing en Ontwikkeling 51 van 2008 vereis dat tersiêre instellings 'n kantoor vir tegnologie-oordrag vestig en in stand hou; Innovus dien as kantoor vir tegnologie-oordrag aan die US. Ingevolge 'n institusionele eksklusiewe mandaat funksioneer Innovus as platform vir skakeling tussen universiteit en bedryf, en is daarvoor verantwoordelik om die US |

Kopiereg © Universiteit Stellenbosch Alle regte voorbehou

| | |
|---|---|
| | se portefeulje vir intellektuele eiendom en handelsmerke te bestuur en te kommersialiseer. |
| intellektuele eiendom | Die produk van oorspronklike menslike intellektuele skeppingskrag en vernuf wat aan die vereistes vir beskerming vanaf regsweë voldoen. Primêre vorme van intellektuele eiendom is, onder meer: patente, ontwerpe, handelsmerke en kopiereg. Sekondêre vorme van intellektuele eiendom is, onder meer: die regte van planttelers en uitvoerende kunstenaars asook tradisionele kennis. |
| merk | Enige teken wat grafies voorgestel kan word en wat onder meer die volgende insluit: ’n devies, naam, handtekening, woord, letter, syfer, vorm, fatsoen, patroon, versiering, kleur, of houer vir goedere; of enige kombinasie van die voorafgaande. |
| Matie Winkel | Die US-winkel vir amptelike handelsware. Die besigheidsriglyne van die Matie Winkel word gereguleer deur toepaslike beleid en diensvlakooreenkomste waartoe die US ingestem het. Die Matie Winkel is in beheer van die verskaffing, gehalteversekering en verhandeling van alle goedere wat US-handelsmerke vertoon, tensy skriftelike goedkeuring tot die teendeel vooraf vanaf die Hoofdirekteur: Innovasie en Kommersialisering – synde die kurator van hierdie Beleid – bekom is. Die Matie Winkel het alleenreg om handelsware wat US-handelsmerke vertoon kommersieel te verhandel (te herverkoop). |
| handelsmerk | ’n Merk wat in verband met goedere of dienste gebruik word, of volgens voorneme gebruik sal word, met die oogmerk om dit van ander goedere of dienste van dieselfde aard te onderskei. Geregistreerde handelsmerke word met die simbool ® aangedui, terwyl die simbool ™ gebruik word om op handelsmerkregte rakende ongeregistreerde handelsmerke aanspraak te maak. |
| Handelsmerkkantoor | Ingevolge ’n institusionele eksklusiewe mandaat moet die Handelsmerkkantoor, wat by Innovus gesetel is, handelsmerke identifiseer, beskerm, bestuur en kommersialiseer en hierdie Beleid deurvoer. Vir kommersiële doeleindes en ter voldoening aan die Handelsmerkkantoor se gevolmagtigde |

Kopiereg © Universiteit Stellenbosch Alle regte voorbehou

| | |
|---|---|
| | verantwoordelikheid mag die Kantoor goedkeuring verleen vir alle gebruik van handelsmerke en alle variasies in die toepassing daarvan wat op een lyn met die bepalings van hierdie Beleid is. |
| handelsmerkportefeulje | Dié portefeulje omvat alle handelsmerke, geregistreerd sowel as ongeregistreerd, en die grafiese uitbeelding daarvan. Die US is die eienaar van alle regte en belange in hierdie handelsmerke. Aangestelde regsverteenwoordigers sal, in oorleg met die Handelsmerkkantoor (wat by Innovus gesetel is), bystand verleen om die handelsmerkportefeulje te bestuur en sal advies en dienste verskaf rakende handelsmerkvervolging (onder meer soektogte oor die beskikbaarheid van handelsmerke en die indiening van handelsmerkaansoeke, -registrasies en -hernuwings) en handelsmerklitigasie (onder meer om teenstand teen handelsmerke in te dien en geregtelike stappe oor die inbreukmaking van handelsmerke te hanteer). |

## 4. Oogmerke van die Beleid

Die oogmerk van hierdie Beleid is om die gebruik en lisensiëring van US-handelsmerke vir kommersiële en niekommersiële doeleindes te fasiliteer, te reguleer en te handhaaf.

4.1. Fasilitering

- Verseker dat handelsmerke korrek en konsekwent gebruik word.
- Stel prosesse in vir die goedkeuring van handelsmerkgebruik en die toestaan van handelsmerklisensies.
- Wys institusionele omgewings aan wat vir die goedkeuring van handelsmerkgebruik en die toestaan van handelsmerklisensies verantwoordelik is.

4.2. Regulering

- Moniteer en verseker nakoming van die beleidsbepalings ten einde die korrekte gebruik van handelsmerke te fasiliteer.
- Verwerk handelsmerklisensie-aansoeke en hanteer die toestaan van goedkeuring daartoe en die sluiting van handelsmerklisensie-ooreenkomste.

Kopiereg © Universiteit Stellenbosch Alle regte voorbehou

- Oefen regte rakende handelsmerke uit, onder meer om die US teen eise op grond van die inbreukmaking en verwatering van handelsmerke te beskerm en te verdedig.

4.3. Handhawing

- Bestuur die handelsmerkportefeulje en sake wat met handelsmerkvervolging en -litigasie verband hou.
- Verseker dat handelsmerke voortdurend die oorsprong van goedere of dienste identifiseer en ’n onderskeidende funksie verrig.
- Ontgin handelsmerke om as kommunikasiehulpmiddel te funksioneer, om ’n konsekwente standaard en waarborg van gehalte aan te dui, om as bemarkings- en reklamemiddel te dien, en om as teken van institusionele investering te geld.
- Dwing die bepalings en voorwaardes van handelsmerklisensie-ooreenkomste wat aangegaan is voortgeset af.

## 5. Beleidsbeginsels

Aanwysers van goeie oorsigbestuurspraktyke en -beginsels vorm die grondslag van hierdie beleidsdokument. Sodanige praktyke en beginsels is – onder meer – risikobeperking, gesonde besluitneming en wetlike nakoming, en bevorder institusionele volhoubaarheid en ’n florerende omgewing aan die US.

Die US heg groot waarde aan die rol van institusionele handelsmerke in die handhawing en vestiging van die instelling se onberispelike reputasie. Die oogmerk van hierdie Beleid is om die gebruik en lisensiëring van US-handelsmerke te fasiliteer, te reguleer en te handhaaf deur die funksies en waarde van dié handelsmerke te ontgin.

## 6. Beleidsbepalings

6.1. Die gebruik van handelsmerke vir niekommersiële doeleindes

*6.1.1. Toepassingsveld*

Hierdie afdeling is van toepassing op fakulteite, departemente, eenhede, institute, buro’s, organisasies, die US-maatskappyegroep en belangstellende individue – hetsy intern of ekstern – wat die US in die gewone verrigting van bedrywighede amptelik erken.

Kommersiële en niekommersiële ooreenkomste rakende US-handelsmerke moet na die bepalings van hierdie Beleid oor die gebruik en lisensiëring van handelsmerke (sien 6.2.1) verwys en dit nakom.

Kopiereg © Universiteit Stellenbosch Alle regte voorbehou

*6.1.2. Goedkeuring van handelsmerkgebruik*

Gevalle waar handelsmerke gebruik gaan word, moet vooraf skriftelik deur die Handelsmerkkantoor (by Innovus gesetel) goedgekeur word, tensy vir gebruik soos formeel voorgeskryf in die US se Handelmerkhandleiding, saamgelees met 6.1. Nadat goedkeuring vir handelsmerkgebruik deur die Handelsmerkkantoor bekom is, moet die visuele elemente en kunswerk wat saam met die handelsmerke gebruik sal word (soos in die US se Handelmerkhandleiding omskryf), indien toepaslik, deur die KKB goedgekeur word.

*6.1.3. Wysigings aan handelsmerke*

Handelsmerke mag nie aangepas word nie, en moet die grafiese uitbeelding en visuele elemente weerspieël soos dit in die handelsmerkportefeulje en die US se Handelsmerkhandleiding verskyn.

Wysigings aan handelsmerke verg vooraf- skriftelike toestemming deur die Uitvoerende Bedryfshoof of dié se gedelegeerde gesag.

*6.1.4. Onderskrywing*

Handelsmerke mag op geen manier gebruik word wat suggereer of impliseer dat die US enige organisasie, beweging, maatskappy, goedere, diens, politieke party of beskouing, godsdienstige organisasie of geloofsoortuiging onderskryf nie.

Gebruik van handelsmerke op ’n manier wat suggereer of impliseer dat die US die voorafgaande onderskryf, verg vooraf- skriftelike goedkeuring deur die Handelsmerkkantoor, wat by Innovus gesetel is. ’n Versoek om goedkeuring vir onderskrywing moet redes verstrek vir sodanige gebruik van handelsmerke, sowel as die implikasies van sodanige onderskrywing.

*6.1.5. Gesamentlike gebruik van handelsmerke*

US-handelsmerke mag nie tesame met dié van ’n ander entiteit gebruik word nie.

As ’n ander entiteit goedkeuring verleen het dat hulle handelsmerke gebruik mag word, verg gesamentlike gebruik met US-handelsmerke vooraf- skriftelike toestemming vanaf die Handelsmerkkantoor, wat by Innovus gesetel is. Indien toestemming verleen word dat US-handelsmerke tesame met dié van ander entiteite gebruik mag word, moet die handelsmerke duidelik van mekaar onderskei en geskei word. Die US-handelsmerke mag ook op geen manier oorskadu of verswak word in verhouding tot dié van die ander entiteit nie.

*6.1.6. Diskriminerende, beperkende en verbode handelsmerkgebruik*

Kopiereg © Universiteit Stellenbosch Alle regte voorbehou

Handelsmerke mag op geen manier gebruik word wat onregverdig teen enigiemand diskrimineer – hetsy regstreeks of onregstreeks – op een of meer van, onder meer, die volgende gronde nie: ras, geslagtelikheid, geslag, swangerskap, huwelikstaat, etniese of sosiale herkoms, kleur, seksuele oriëntasie, ouderdom, gestremdheid, geloof, gewete, oortuigings, kultuur, taal of geboorte; en op geen ander manier wat teen die US se beleide en praktyke van niediskriminasie sou indruis nie.

Handelsmerkgebruik in verband met en die onderskrywing van die onderstaande goedere of dienste sal ooreenkomstig met gepaste bepalings en voorwaardes beperk of verbied word:

- alkoholiese drank, onderhewig aan uitsonderings[1];
- inherent gevaarlike goedere of dienste;
- tabak en verwante goedere en dienste;
- onwettige middels en verwante goedere en dienste;
- dobbelary en verwante goedere en dienste;
- onwelvoeglike, afbrekende of godslasterlike goedere of dienste;
- goedere of dienste wat 'n onaanvaarbare risiko in die vorm van reputasieskade, aanspreeklikheid of aantasting inhou.

*6.1.7. Die gebruik van handelsmerke in verband met goedere en dienste wat met alkoholiese drank en wyn verband hou*

Die Stellenbosse wynlandstreek het 'n lank gevestigde kulturele en ekonomiese erfenis, en is die toonaangewende sentrum van wingerdbou en wynboukundige navorsing in Suid-Afrika.

Die US het 'n erkende geskiedenis van verbintenis met die wingerd- en wynwetenskappe, en het sterk bande met die Suid-Afrikaanse druif- en wynbedryf. Daarom voorsien hierdie Beleid spesiaal vir die gebruik van handelsmerke in verband met goedere en dienste wat met alkoholiese drank en wyn verband hou.

Voordat die gebruik van US-handelsmerke in verband met goedere of dienste wat met alkoholiese drank en wyn verband hou, goedgekeur word, moet die Handelsmerkkantoor (in Innovus gesetel) die gepastheid van sodanige goedere of dienste sowel as die moontlike risiko van reputasieskade en aanspreeklikheid oorweeg.

[1] Verwys na 6.1.7 oor die gebruik van handelsmerke in verband met goedere en dienste wat met alkoholiese drank en wyn verband hou.

Kopiereg © Universiteit Stellenbosch Alle regte voorbehou

*6.1.8. Gebruik van handelsmerke in elektroniese handtekeninge*

Die gebruik van handelsmerke in elektroniese handtekeninge (e-pos) moet voldoen aan die vereistes wat in die US se Handelmerkhandleiding uiteengesit word.

6.2. Lisensiëring van handelsmerke vir kommersiële en niekommersiële doeleindes

*6.2.1. Toepassingsveld*

Alle persone en entiteite, intern sowel as ekstern, wat beoog om US-handelsmerke in verband met die kommersiële verkoop of herverkoop van goedere of kommersiële diensverskaffing te gebruik, moet 'n handelsmerklisensie bekom. Dit geld waar goedere kommersieel verkoop of herverkoop word, of waar kommersiële diensverskaffing 'n finansiële transaksie van enige aard behels, hetsy met of sonder winsoogmerk.

In sekere gevalle mag ook die niekommersiële gebruik van handelsmerke verg dat 'n handelsmerklisensie bekom word.

Kommersiële en niekommersiële ooreenkomste rakende US-handelsmerke moet na die bepalings van hierdie Beleid oor die gebruik en lisensiëring van handelsmerke (sien 6.1.1) verwys en dit nakom.

*6.2.2. Goedkeuring van handelsmerklisensies*

Die Handelsmerkkantoor, wat by Innovus gesetel is, is daarvoor verantwoordelik om handelsmerklisensie-aansoeke te verwerk en om dit toe te staan en goed te keur. Bylae B tot hierdie beleidsdokument vervat die standaardaansoekvorm vir 'n handelsmerklisensie.

*6.2.3. Prosedure vir verkryging van 'n handelsmerklisensie*

Die prosedure om 'n handelsmerklisensie te bekom, is in Bylae A tot hierdie beleidsdokument vervat.

*6.2.4. Handelsmerklisensie-ooreenkoms*

Die Handelsmerkkantoor, wat by Innovus gesetel is, is vir die administrasie, bestuur, onderhandeling en opstelling van handelsmerklisensie-ooreenkomste verantwoordelik.

Handelsmerklisensie-ooreenkomste moet die volgende bereël: die aanwysing van die kontrakterende partye en die bedoeling om 'n ooreenkoms te sluit, die woordomskrywings wat vir die ooreenkoms tersaaklik is, die geldigheidstermyn van die ooreenkoms, die omvang van die lisensie wat toegestaan

Kopiereg © Universiteit Stellenbosch Alle regte voorbehou

word, die kwessie van onderlisensiëring, die berekening en betaling van lisensiefooie, vertroulikheid, beëindiging en die gevolge daarvan, beperking van aanspreeklikheid, skadeloosstelling, waarborge en vrywarings, en bepalings rakende geskilbeslegting. Die ooreenkoms moet ook na die bepalings van hierdie Beleid verwys en dit nakom.

*6.2.5. Verantwoordelikheid teenoor die samelewing en omgewing*

Die US is daartoe verbind om institusionele sakebedrywighede te verrig op 'n manier wat verantwoordelik en eties teenoor die samelewing en omgewing is. Gevolglik verbied die US dat goedere en dienste wat die US se handelsmerke vertoon, vervaardig of gelewer word in omstandighede wat uitbuiting of onbillike arbeidspraktyke daarstel, wat fundamentele regte op indiensneming of menswaardigheid aantas, of wat die omgewing nadelig beïnvloed.

## 7. Beleidsbeheer

### 7.1. Rolle

*7.1.1. Uitvoerende Bedryfshoof – die eienaar van die Beleid*

Die Uitvoerende Bedryfshoof is daarvoor verantwoordbaar dat hierdie beleidsdokument binne die tersaaklike verantwoordelikheidsfeer ontwikkel word, en om te verseker dat die beleidsdokument bestaan, en dat 'n kurator (en verwante strukture en rolle) aangestel en goedgekeur word en doeltreffend funksioneer.

*7.1.2. Hoofdirekteur: Innovasie en Kommersialisering – die institusionele funksionaris (kurator) wat vir hierdie beleidsdokument verantwoordelik is tesame met die Senior Direkteur: Korporatiewe Kommunikasie en Bemarking*

Die Hoofdirekteur: Innovasie en Kommersialisering is daarvoor verantwoordelik om toe te sien dat hierdie beleidsdokument geformuleer, goedgekeur, hersien, bekendgestel, vrygestel en gemoniteer word vir deurvoering, en om bystand met die vertolking van die Beleid te verleen en leiding rakende die inwerkingstelling daarvoor te verskaf.

Die Senior Direkteur: KKB is verantwoordelik vir die deurvoering van en toesighouding oor die visuele elemente rakende handelsname en die gebruik van kunswerk saam met US-handelsmerke.

*7.1.3. Die Handelsmerkkantoor, gesetel in Innovus*

Kopiereg © Universiteit Stellenbosch Alle regte voorbehou

Ingevolge ’n institusionele eksklusiewe mandaat moet die Handelsmerkkantoor, wat by Innovus gesetel is, handelsmerke identifiseer, beskerm, bestuur en kommersialiseer en hierdie Beleid deurvoer. Vir kommersiële doeleindes en ter voldoening aan die Handelsmerkkantoor se gevolmagtigde verantwoordelikheid mag die Kantoor goedkeuring verleen vir alle gebruik van handelsmerke en alle variasies in die toepassing daarvan wat op een lyn met die bepalings van hierdie Beleid is.

*7.1.4. Matie Winkel*

Die US-winkel met amptelike handelsware, waarvan die besigheidsriglyne gereguleer word deur toepaslike beleid en diensvlakooreenkomste waartoe die US ingestem het. Die Matie Winkel is in beheer van die verskaffing, gehalteversekering en verhandeling van alle goedere wat US-handelsmerke vertoon, tensy skriftelike goedkeuring tot die teendeel vooraf vanaf die Hoofdirekteur: Innovasie en Kommersialisering – synde die kurator van hierdie Beleid – bekom is. Die Matie Winkel het die alleenreg om handelsware wat US-handelsmerke vertoon kommersieel te verhandel (te herverkoop).

*7.1.5. Afdeling Korporatiewe Kommunikasie en Bemarking*

Die KKB is daarvoor verantwoordelik dat die US se Handelsmerkhandleiding deurgevoer en die US se handelsidentiteit korrek toegepas word. Gevolglik sal die Afdeling bystand verleen met die deurvoering van hierdie Beleid sover dit die visuele elemente van die US-handelsmerke en die gebruik van kunswerk daarmee saam betref.

7.2. Optrede teen nienakoming

7.2.1. Enige oortreding van of nievoldoening aan hierdie Beleid, asook geskille oor die vertolking of toepassing van die bepalings daarvan, moet aangemeld word by die kurator vir die Beleid.

7.2.2. Indien sodanige oortreding, nievoldoening of geskil nie binne 30 (dertig) dae nadat dit aangemeld is, bygelê is nie, kan die aangeleentheid na die eienaar van hierdie Beleid verwys word. Die oortreding, nievoldoening of geskil sal dan volgens die normale bestuurslyne ooreenkomstig die US se dissiplinêre beleid en prosedures hanteer word.

## 8. Hersiening

Hierdie beleidsdokument moet al om die vyf jaar na die datum van inwerkingtreding hersien word, of gouer, sou omstandighede dit vereis.

Kopiereg © Universiteit Stellenbosch Alle regte voorbehou

## 9. Ondersteunende dokumente

Die onderstaande bylaes ondersteun hierdie beleidsdokument:

| | |
|---|---|
| **Bylae A** | Prosedure vir verkryging van 'n handelsmerklisensie |
| **Bylae B** | Standaardaansoekvorm vir 'n handelsmerklisensie |

## 10. Verbandhoudende dokumente

Die onderstaande verbandhoudende dokumente ondersteun hierdie beleidsdokument:

| Item | Naam | Status | Eienaar |
|---|---|---|---|
| | *Beleid oor die Beskerming en Kommersialisering van Intellektuele Eiendom van die Universiteit Stellenbosch* | Goedgekeur | Uitvoerende Bedryfshoof, US |
| | *Handelsmerkhandleiding* | Goedgekeur | Viserektor: Strategie, Globale en Korporatiewe Sake, US |
| | *Stylgids vir Taal, Redigering en Inhoud* | Konsepfase | Viserektor: Strategie, Globale en Korporatiewe Sake, US |
| | *Universiteit Stellenbosch Finansiële Beleid* | Konsepfase | Viserektor: Strategie, Globale en Korporatiewe Sake, US |
| | *Beleid oor Onbillike Diskriminasie en Teistering* | Goedgekeur | Viserektor: Leer en Onderrig, en<br>Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel, US |
| | *Gedragskode – Tenders* | Goedgekeur | |
| | *Verkryging van goedere en dienste (US Finansiële Beleid)* | Goedgekeur | |

Kopiereg © Universiteit Stellenbosch Alle regte voorbehou

## BYLAE A: PROSEDURE VIR VERKRYGING VAN ’N HANDELSMERKLISENSIE

1. Die Handelsmerkkantoor, gesetel in Innovus, is daarvoor verantwoordelik om handelsmerklisensie-aansoeke te verwerk, goedkeuring daarvoor te verleen, en die administrasie, bestuur, onderhandeling en opstelling van handelsmerklisensie-ooreenkomste te hanteer.
2. Die Kantoor het volle diskresie om ’n aansoek om ’n handelsmerklisensie goed te keur of af te keur.
3. Die standaardaansoekvorm vir ’n handelsmerklisensie is as Bylae B by hierdie beleidsdokument aangeheg.
4. Voornemende lisensiehouers (verderaan ‘aansoekers’) moet die standaardaansoekvorm vir ’n handelsmerklisensie invul en voorlê.
5. Die Handelsmerkkantoor sal die voorgelegde aansoek oorweeg en in die uitoefening van die Kantoor se diskresie die volgende beoordeel: die aansoeker se vermoë om ’n handelsmerklisensie-ooreenkoms na te kom, die gepastheid van die goedere of dienste, en die moontlike risiko van reputasieskade, aanspreeklikheid of inbreukmaking wat uit die handelsmerklisensie-ooreenkoms sou kon spruit.
6. Die Handelsmerkkantoor behou die reg voor om, in die uitoefening van die Kantoor se diskresie, ’n aansoeker te kontak om inligting wat in die aansoekvorm verskaf is, op te klaar en om voorbeelde van goedere te verskaf ten einde die gepastheid daarvan te evalueer.
7. Nadat ’n aansoek verwerk is, stel die Handelsmerkkantoor die aansoeker in kennis dat die aansoek toegestaan of afgekeur is.
8. Die Handelsmerkkantoor stel ’n handelsmerklisensie-ooreenkoms op en verskaf dit aan die lisensiehouer. Indien die partye dit versoek, mag vervolgens oor gepaste bepalings en voorwaardes van die ooreenkoms onderhandel word.
9. Wanneer die handelsmerklisensie-ooreenkoms afgerond is, sorg albei partye dat hulle dit onderteken en dit volledig nakom.

Kopiereg © Universiteit Stellenbosch Alle regte voorbehou

**BYLAE B: STANDAARDAANSOEKVORM VIR ’N HANDELSMERKLISENSIE**

Hierdie vorm dien as aansoek om lisensiëring vir die gebruik van Universiteit Stellenbosch-handelsmerke. Dit stel slegs ’n aansoek daar en moenie geag word as magtiging of kontraktuele lisensiëring aan die aansoeker om Universiteit Stellenbosch -handelsmerke te gebruik nie.

Die oogmerk van hierdie aansoekvorm is om inligting in besonderhede te bekom en te bepaal of die aansoeker daartoe in staat is om ’n handelsmerklisensie-ooreenkoms na te kom, of die goedere of dienste gepas is, en die moontlike risiko van reputasieskade, aanspreeklikheid of inbreukmaking wat uit die handelsmerklisensie-ooreenkoms sou kon spruit. Die aansoek moet deeglike, akkurate inligting verskaf.

Na gelang van die inligting wat die aansoeker verskaf, moet hierdie aansoekvorm ingedien word vergesel van ’n afskrif van die aansoeker se identiteitsdokument en van die organisasie se amptelike briefhoof.

**INLIGTING OOR AANSOEKER**

**Soort organisasie:**

☐ korporasie

☐ vennootskap

☐ alleeneienaar

☐ beslote korporasie

☐ natuurlike persoon

☐ ander (noem: ____________________________________________________________)

| | |
|---|---|
| Naam: | |
| Identiteitsnommer (indien toepaslik): | |
| Registrasienommer (indien toepaslik): | |
| Adres: | |
| Land: | |
| Poskode: | |
| Telefoon: | |
| E-pos: | |
| Webwerf: | |

Naam van houermaatskappy (indien die onderneming ’n filiaal is):

______________________________________________________________________________

Kopiereg © Universiteit Stellenbosch Alle regte voorbehou

| Kontakpersone | Naam | E-pos |
|---|---|---|
| Eerstekontakpersoon: | | |
| Finansies: | | |
| Produkontwikkeling: | | |
| Verkope: | | |

**Maatskappyfunksie:**

☐ Vervaardiging

☐ Verspreiding

☐ Advertering

☐ Kuns- of handwerkvervaardiging

Inkomstebelastingnommer: ____________________________________________________________

BTW-nommer: ________________________________________________________________________

**REGS- EN VERSEKERINGSEISE**

Is enige eise al teen hierdie organisasie of verwante entiteite ingestel vir inbreukmaking van 'n handelsmerk, kopiereg, patentreg of ander intellektuele eiendom?

☐ Ja

☐ Nee

*Indien 'ja', heg asseblief 'n afsonderlike bladsy met alle besonderhede aan.*

Is daar al enige eise vir produkaanspreeklikheid teen hierdie organisasie of verwante entiteite ingestel?

☐ Ja

☐ Nee

*Indien 'ja', heg asseblief 'n afsonderlike bladsy met alle besonderhede aan.*

**LISENSIËRINGSINLIGTING**

Vir watter handelsmerke wil u graag gelisensieer word?

Kopiereg © Universiteit Stellenbosch Alle regte voorbehou

__________________________________________________________________________

__________________________________________________________________________

__________________________________________________________________________

__________________________________________________________________________

Vir hoe lank wil u lisensiëring vir hierdie handelsmerke behou?

__________________________________________________________________________

__________________________________________________________________________

__________________________________________________________________________

__________________________________________________________________________

Met watter goedere of dienste sal die handelsmerke verbind word?

__________________________________________________________________________

__________________________________________________________________________

__________________________________________________________________________

__________________________________________________________________________

## VERKLARING

Ek het hierdie aansoekvorm gelees en begryp dit, en verklaar hiermee dat, sover my kennis strek, alle inligting wat hier bo verskaf is, akkuraat en volledig is. Ek verklaar verder, in soverre dit toepaslik is, dat ek behoorlik gemagtig is om namens bogenoemde organisasie te handel. Ek gee ook die Universiteit Stellenbosch toestemming om inligting oor die organisasie wat hierdie aansoek indien, na te gaan, onder meer deur verslae vanaf kredietburo’s aan te vra en agtergrondnasoeke oor kriminele rekords vir keuringsdoeleindes te doen. Ek is daarvan bewus dat hierdie inligting gebruik mag word om hierdie aansoek te beoordeel.

Naam en van: ________________________________________ Datum: ________________

Handtekening: ________________________________________

**Besorg die ingevulde lisensie-aansoekvorm, vergesel van ’n afskrif van die aansoeker se identiteitsdokument en van die organisasie se amptelike briefhoof (indien toepaslik), terug of e-pos dit soos volg:**

Handelsmerkkantoor, Innovus

Straatadres: De Beerstraat 20, Stellenbosch 7600

E-posadres: trademark@sun.ac.za

Kopiereg © Universiteit Stellenbosch Alle regte voorbehou